

‘n DIEF IN DIE NAG

Geskryf deur Frank DiMora
www.bibleprophecyman.com

Hoekom wil Jesus hê dat ons oë gerig moet wees op die Bybelse kalender? Jesus wil hê dat diè wat uitkyk vir Sy koms, is gereed wanneer Hy, Sy bruid weg kom vat uit die wêreld. Die enigste manier hoe ons dit kan doen is om te weet waarvoor ons moet uitkyk. Dit is so duidelik soos daglig wat ons as Christene moet uitkyk voor, maar ek wil sê dat die meeste Christene het nie ‘n idêe wat die tekens van die tye is nie. Hoekom weet hulle nie? Ek kan twee redes verduidelik, eerstens is hulle in Kerke waar die predikante nooit preek oor die tekens van die tye nie en tweedens Christene studeer en lees nie die Woord self nie en daarom sal hulle nie die tekens van die tye ken nie. Laat ek julle ‘n baie belangrike boodskap van Jesus Christus, help verstaan. Wanneer julle verstaan waarvan Jesus gepraat het, sal dit duideliker word vir julle en julle familie om te weet waarvoor julle moet uitkyk.

Baie mense het my gevra, hoekom ek soveel tyd spandeer om uit te vind wanneer Jesus terug gaan kom vir Sy bruid, Jesus het dan self gesê dat niemand weet wanneer die dag en uur kom nie. Laat ek Jesus aanhaal in Matteus 24:36 sodat julle weet waarvan ek praat. **“Maar van diè dag en diè uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net My Vader alleen.”**

Ek wil hê dat julle moet aandag gee aan wat Jesus werklik hier sê in verhouding met die **Joodse geloof en tradisies**. Die frase *niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie*, is ‘n **algemene Hebreeuse idiom** vir die Joodse Fees *Rosh Hashanah*. *Rosh Hashanah* is een van die sewe Joodse Feeste, en dit is ook bekend as die “Fees van Basuine.” Die “Fees van Basuine” vind plaas in herfs. In Levitikus 23 kan julle sien dat hierdie feeste opgerig en vasgestelde jaarlikse herhalings is, wat histories en profeties vir ons die hele plan van God leer. Die plan sluit die koms van Christus in en hoe Christus verlossing sal bring aan diegene wat hom ontvang. In kort, God het vir ons Sy Bybelse Kalender gegee. Uit die sewe Joodse feeste is daar nog drie wat moet vervul word, die ***Rosh Hashanah*** ook bekend as die “Fees van Basuine” ***Yom kippur***, wat ook die dag van versoening en die Huttefees (***Sukkot***). Ek gaan konsentreer op die “Fees van Basuine” want op God se kalender is dit die volgende fees wat vervul moet word. Nou dat ons hierdie inligting weet, laat ek terug gaan na Jesus se stelling in Matteus 24:36 waar Hy sê dat **“niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie.”** Hierdie vers het te doen met die **Joodse Bruilof**. Die Vader moet seker maak dat die Seun alles vir die Bruilof voorberei en gereed maak. Indien jy vir enige Joodse man sou vra wanneer die bruilof is, sal hy sê vra my vader net hy weet. Hierdie was die algemene gebruik en tradisionele antwoord van die Jode. Wanneer dit tyd was vir die bruilof om plaas te vind sou die **bruidegom om middernag uitgaan** en op die shofar blaas om sy bruid te laat weet hy kom haar haal. Volgens Joodse kultuur dui die “Fees van Basuine” of *Rosh Hashanah* daarop aan dat dit die voorgeskryfde tyd van die wegraping van die kerk sal wees. As bewys hiervan laat ek julle wys wat het alreeds in plek geval met die Joodse Bruilof in verhouding met Jesus Christus en Sy Bruid.

Stap 1: In 'n Joodse bruilof sal die Joodse vrou aandui dat sy die man se huweliksaansoek aanvaar deur uit 'n beker, wyn te drink wat hy vir haar voorsit. Wat het Jesus met die laaste maaltyd gedoen? Jesus het die beker wyn by die laaste Maaltyd voor gesit, en die wat daarvan gedrink het, het aanvaar dat hulle Sy bruid is.

Stap 2: Die Joodse man moet 'n prys aan die bruid se ouers betaal. Wat se prys het Jesus betaal? Jesus het op die kruis vir Sy bruid gesterf sodat hulle verlossing kan kry.

Stap 3: 'n Joodse man moet dan vir sy bruid 'n geskenk gee. Wat se geskenk het Jesus Christus vir Sy Bruid gegee? Jesus het ons die gawe van die Heilige Gees gegee.

Stap 4: Die Joodse man moet dan 'n plek vir Hom en sy bruid voor gaan berei, vir hom en sy vrou om daar te bly wanneer hulle getroud is. Onthou julle die woorde van Jesus Christus in Johannes 14:3? Jesus het gesê: **“ En as Ek gegaan het en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.”** Dit is waar Jesus nou is, besig om die huis vir Sy bruid voor te berei.

Stap 5: Die Joodse man sal 'n menigte mense saam hom vat om middernag die shofar vir sy bruid te gaan blaas. Die shofar is 'n horing waarop die Jode blaas soos op 'n trompet. Lees nou wat het Jesus vir die Apostel Paulus gesê in 1 Tessalonisense 4:15-16. Paulus noem die presiese tydperk van die gebeurtenis twee maal. In vers 15, sê hy dit sal gebeur met die **wederkoms van die Here** en in vers 16, Christus sal self uit die hemel neerdaal met die **stem van die aartsengel en die met die geklank van die basuin van God**. Dit is die tydperk wat Jesus vir ons, Sy bruid, sal kom, op dieselfde manier hoe 'n Joodse man om middernag sy bruid sal gaan roep. Dit is die volgende stap wat moet plaasvind op God se kalender by die “Fees van Basuine.”

Stap 6: Nadat die Joodse man sy bruid kom haal sal hulle vir **sewe dae** lank in die huwelikskamer spandeer om die huwelik te volmaak. Wanneer Jesus Sy bruid kom haal sal hulle vir sewe jaar lank in die hemel wees en die bruilof vier. Julle sal dan ook oplet dat dit die presiese tydperk is van die sewe jaar verdrukking. Kom ons kyk na Jesaja 26:20-21 “Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan. Want kyk, die Here sal uit Sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek; en die aarde sal die bloed openbaar maak wat deur hom gedrink is, en die wat op hom gedood is, nie langer toedek nie.” Hierdie binnekamers is die plek waar Jesus Sy bruid veilig sal hou in die sewe jaar verdrukking hier op aarde.

Soos julle nou kan sien, is alles gedoen volgens die tradisies van die Joodse bruilof, wat ook gebaseer is op die feeste van die Bybelse kalender. Ek wil terug kom na wat Apostel Paulus in 1 Tessalonisense 5:1-4 waar hy sê: “Maar oor **die tye en geleenthede**, broeders het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos ‘n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval ‘n skielike verderf hulle soos barensnood ‘n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. Maar julle, broeders, is nie in die duisternis nie; dat diè dag julle soos ‘n dief sou oorval nie.

Paulus was ‘n Jood en hy het verstaan dat die tekens van die tye sal plaasvind gedurende **die tye en geleenthede**, of die Joodse feeste. In die bogenoemde vers vermy Paulus vrede en veiligheid. Hy vertel vir ons dat ons nie in die duisternis is nie en dat ons die tekens sal sien tydens die Joodse Fees seisoen. Genesis 1:14 praat van seisoene, die hebreuse vertaling vir seisoen is bepaalde tydstop. Die seisoene of bepaalde tydstop waarna Paulus verwys is die dag wat Jesus terug kom op die “Fees van Basuine” wat ook plaasvind in herfs. Paulus het vir die Jode gesê dat hy nie nodig het om aan hulle dit te skrywe nie, omdat hulle Jode was, hulle het presies geweet waarvan hy praat. Die mense wat in die duister sal wees aangaande die koms van Jesus, sal diè wees wat nie die woord van God bestudeer en verstaan nie.

In Openbaring 3:3 praat Jesus met die kerk, **Sardis**, ‘n **dooie kerk**. Hy sê vir hulle om wakker te word en hulle self te bekeer. Kyk wat gebeur wanneer hulle nie wakker word nie? “Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; **as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos ‘n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.**” Moenie vergeet nie Jesus praat hier met die dooie kerk. Wat wil Jesus ons in die vers wys? **Hy sal alleenlik soos ‘n dief in die nag kom vir die dooie kerk**, nie vir diè wat wakker is en uitkyk na Sy koms nie.

In Openbaring 3:17-18 praat Jesus hier met die kerk, Laodisea. Hierdie is ook ‘n kerk wat **nie gereed is nie**. Jesus noem hulle **louwarm**. Wat gebeur met ‘n louwarm kerk? Jesus sê vir ons in Openbaring 3:16 “Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug.”. Jesus sê vir hulle in vers 18: “Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en **wit klere**, dat jy jou kan aantrek en die **skande van jou naaktheid nie openbaar word nie**; en salf om aan jou oë te salf, sodat jy kan sien.” Baie mense weet nie wat diè wit klere beteken nie. Ek sal dit aan julle verduidelik sodat julle dit kan verstaan. Gaan na Openbaring 16:15 en kyk na die verhouding van die twee verse: “Kyk, Ek kom soos ‘n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, soda thy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.”

Kom ons gaan vir 'n oomblik terug na die Joodse tradisie, en ek sal vir julle wys hoe al hierdie dinge in mekaar pas. Tydens Jesus se tyd hier op aarde, was die hoë priester en die wag van die Joodse tempel bekend as die “**dief in die nag.**” Daar was wagposte by die Tempel waar die priester moes waghou. Hulle moes wagstaan vir die vuur op die altaar wat dag en nag moes brand. Dit was 'n Goddelike vuur wat op die altaar geval het en dit was 'n bevel van God dat die vuur nooit moet doodgaan nie. Die priester moes waghou oor die vuur en wanneer die wag tydens sy rondtes sien dat die priester slaap, het hy sy fakkel gevat en die priester se kleed aan die brand gestee. Die priester het dan wakker geskrik van die vuur, deur die Tempel gehardloop en sy brandende kleed van sy lyf afgeskeur. Die priester se skande en naaktheid sou dan gesien word.

Verstaan julle nou hoe Openbaring 16:15 in pas by die dooie kerk. Wanneer julle nou terug gaan na 1 Tessalonisense 5:1-4 sien julle dat Paulus sê dat julle weet self maar alte goed dat die dag van die Here onverwags kom **soos 'n dief in die nag.** Verstaan julle nou wat hierdie vers beteken “**soos 'n dief in die nag?**” Met ander woorde wanneer Jesus kom en jy slaap soos die priester van die Tempel en jy hou nie wag nie, sal jy in skaamte rondskarrel omdat jy nie gereed was vir Sy redding nie, jou **naaktheid en skande** sal gesien word.

Laat ons nou kyk na Matteus 25:1-13. In die verse praat Jesus van twee groepe maagde. Een groep was verstandig, hulle was voorbereid vir die Bruidegom se koms. Hierdie is 'n skets van die kerk wat die wil van God doen. Weereens skakel die vergelyking in by die Joodse bruilof. Jesus het gesê vyf van die maagde was gereed en het genoeg olie in hul lampies gehad vir wanneer die bruidegom kom. Let op dat die bruidegom kom om middernag soos **die instelling van die Joodse bruilof.** Let ook op dat hy kom met '**n geroep soos met die instelling** van die Joodse bruilof. Die vyf maagde wat gereed was het saam met die bruidegom ingegaan na die bruilof toe en die deur is gesluit. Dit is wat sal gebeur met die wegraping van die bruid van Christus wat ons nou glo sal gebeur tydens die “Fees van Basuine”, die Joodse fees. Dit is hoekom dit so belangrik is dat ons ten alle tye moet waaksaam wees veral tydens die Joodse feeste.

Wat van die ander vyf maagde wat nie gereed was toe die bruidegom om middernag gekom het nie? Jesus sê hulle het nie voorberei nie. Die vyf maagde het nie olie in hulle lampies gehad toe die bruidegom om middernag gekom het nie en moes gaan olie koop. Die deur was gesluit toe hulle terug kom en die Bruidegom het vir hulle gesê: “**Voorwaar Ek sê vir julle; Ek ken julle nie!**” Hierdie is 'n skets van al die mense wat nie waaksaam is binne die veiligheid en genade van ons Here Jesus Christus nie. Dit is die mense wat hulle sal bevind in die sewe jaar verdrukking, hulle is soos die hoë priester wat vas aan die slaap gevang word.

Kom ons kyk na Lukas 12:37-40 die **getroue en verstandige dienskneg**. “Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die heer wakker sal vind as hy kom. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom omgord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien. En as hy in die tweede of in die derde nagwaak kom, en dit so vind – gelukkig is daardie diensknegte. Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter uur die dief sou kom, sou hy gewaak het en nie in sy huis laat inbreek het nie. Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.”

In Lukas 12:41-47 praat Jesus oor die **slegte dienskneg** wat nie die wil van die Vader doen nie, hulle was nie waaksaam vir die dief in die nag nie. Jesus sê vir diè slawe “dan sal die heer van daardie dienskneg kom op ‘n dag dat hy dit nie verwag nie, en op ‘n uur dat hy dit nie weet nie, en sal hom pynig en hom ‘n deelgenoot maak van die ontroues.” Hierdie is die mense wat God se wil ken maar hulle doen nie God se wil nie.

Vers 47 vertel vir ons “En daardie dienskneg wat die wil van sy heer geken het **en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slaie geslaan word;**” Ek vra julle nou, is julle van die gelowiges wat julle self Christene noem maar nie die wil van ons Vader doen nie? Ons weet vir ‘n feit dat daar in die wêreld miljoene mense is wat beweer dat hulle Christene is maar nie die wil van die Vader doen nie. Hierdie tipe Christene doen nie die wil van God nie en is nie waaksaam vir die koms van die Here nie, net soos Christus hulle gevra het om te doen. Ons is gewaarsku hierdie tipe mense, ken God se wil maar nogsteeds volg hulle nie Sy wil nie.

In Lukas 12:41 vra Petrus vir Jesus: “Here, vertel U hierdie gelykenis vir ons of ook vir almal?” Hierdie vraag gaan na die kern van die vraag, wie is die ontroue dienskneg? Jesus het Petrus geantwoord om vir hom te vertel van die ontroue dienskneg wat nie die wil van die Vader doen nie. Weereens sien ons ‘n groep mense wat in twee gedeeltes word. Met die koms van die Bruidegom, was daar die tien maagde, vyf was verstandig en waaksaam en die ander vyf was nie gereed nie en onvoorbereid. Nou sien ons die dienskneg wat waaksaam is en die wil van die Vader doen, hulle sal gesêend wees teenoor die ander dienskneg, wie die wil van God ken maar dit nie doen nie, hulle sal ween en kners op hulle tande.

Nog ‘n baie belangrike feit om te onthou van die “Fees van Basuine” is, niemand sal die dag of die uur weet nie want die “Fees van Basuine” begin vanaf die eerste waarneming van die nuwe maan.

Laat ek verduidelik. Op die 30ste van elke maan, vergader al die lede van die hof in die binneplaas van Jerusalem, waar hulle wag vir die twee getuïenisse se verklaring. Hierdie twee getuïenisse was die mense wat die volmaan gesien het en kon verifieer.

Sodra die vol maan waargeneem was kon die lede van die hof die nuwe maan heilig maak. Dit is wanneer die “Fees van Basuine” begin. Die nuwe maan is moeilik om van die eerste dag af waar te neem, dit is sigbaar gedurende sonsondergang, naby die son, wanneer die son noord beweeg. ‘n Nuwe maan, naby die son is feitlik onsigbaar. Indien die toenemende nuwe maan nie op die 30ste waargeneem is nie, was dit op die 31ste dag gevier. Vir hierdie rede word die “Fees van Basuine” altyd oor die tydperk van **twee dae** gevier. Hierdie twee dae word gevier asof dit **een dag is met 48 ure**.

Die rede hiervoor is dat indien hulle sou wag vir die nuwe maan en die heiligmaking om fees te vier, sou hulle die helfde van die feesviering verloor om die rede dat die nuwe maan net gedurende daglig heilig gemaak kan word. Die bevel vir ons is dus om die **seisoen** te ken, soos Paulus gesê het, maar nie **die dag of die uur nie**, soos ons lees in Matteus 24:32-36.

Yom Teruah of die “Fees van die Basuine”, is die enigste Joodse fees wat ons nie weet watter dag dit gevier word nie omdat ons nie weet wanneer die nuwe maan waargeneem kan word nie. Daarom moet ons op die uitkyk wees en waaksaam. In Matteus 24:36 wanneer Jesus sê dat ons nie die dag of die uur sal weet nie, sê Hy dit is die “Fees van Basuine” want dit is alleenlik hierdie fees waar die **Jode nie ‘n presiese dag of uur weet nie**. Wanneer die volmaan sigbaar is daarom die twee dae feesviering. Niemand kan jou vandag vertel wanneer die wegraping van die Kerk sal gebeur nie, want dit kan plaas vind in ‘n periode van 48 uur.

By die “Fees van Basuine” sal Jesus terugkeer om Sy bruid te kom haal, dit sal nie vir diegene, wat die wil van die Vader doen, ‘n skok wees nie want hulle sal op die uitkyk wees vir die Meester se wederkoms.

Paulus praat in 1 Korintiërs 15:51-53 – “Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie maar ons sal almal verander word, in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid bekleed word, en hierdie sterlike moet met onsterflikheid bekleed word.”

In die nabye toekoms sal Jesus van die hemel af neerdaal en Sy bruid vir homself roep, net soos in die Joodse bruilof. Diegene wat op die uitkyk is, Sy bruid, sal gereed wees en hulle vleeslike liggaam sal verander word in ‘n hemelse liggaam. Die vraag om julle self op hierdie stadium af te vra, waar bevind jy jouself? Is jy een van die selfstandige maagde, wie gereed is om jou Heer te ontmoet? Staan julle op die uitkyk vir Sy wederkoms, of is julle een van die vyf wie nie gereed is nie, wie se lampie nie olie in het nie? Is julle van die getroue diensknegte, wanneer Jesus kom sal Hy jou by die deur sien staan en wag? Of is julle van die slegte diensknegte wat sê julle is Christene maar doen nie die wil van God nie, die wat sal deelgenote van die ontroues word, wanneer die Meester uiteidelik Sy bruid kom haal?

Word Wakker, Bruid van Christus, en kies aan watter kant jy is, lig of duisternis.

Indien julle nie 'n Christen is nie, word wakker vir dit wat Jesus vir julle gewys het en bekeer julleself, sodat julle waardig geag sal word om al die vreeslike dinge vry te spring wat volbring sal word en voor die Seun van die Mens, Jesus Christus sal kan staan.

2010-2011 Bybelse Feeste - Datums

“Fees van Basuine” (Yom Teruah / Rosh Hashanah) Sonsondergang vanaf 28 September tot aandskemering van 30 September

“Dag van verlossing” (Yom Kippurim) Sonsondergang vanaf 7 Oktober tot aandskemering van 8 Oktober

“Fees van tabernakels” (Sukkot) Sonsondergang vanaf 12 Oktober tot aandskemering van 19 Oktober

Daar is 7 Joodse feeste, die eerste vier feeste, was letterlik volbring op die dag van daardie fees deur Jesus Christus tydens Sy tyd hier op aarde. Ek glo die volgende 3 feeste sal volbring word op die Joodse feesvieringe met betrekking op die Heer se koms.

JESUS VOLBRING DIE EERSTE 4 FEESTE MET SY EERSTE KOMS SIEN 1-4 HIER ONDER:

Hier is die profetiese betekenis van elk van die 7 Levitikaanse Feeste van Israel;

1. Pasga (Levitikus 23:5) – Verwys na die Messias wat ons paaslam is, wie vir ons geslag is. (1 Korintiërs 5:7) Jesus was gekruisig op die dag van voorbereiding vir die Pasga, gedurende dieselfde uur wat die lammers geslag was vir die Paasmaaltyd daardie aand.
2. Ongesuurde brode (Levitikus 23:6) Verwys na die Messias se sondelose lewe (gesuurde brood in die bybel beteken sonde), dit het Jesus die perfekte offer gemaak vir ons sondes. Jesus se liggaam was in die graf gedurende die eerste dae van die fees, net soos 'n koring korrel wat geplant word en wag om deur te breek as die Brood van die Lewe.
3. Eerstelingsgerf (Levitikus 23:10) Verwys na die Messias se opstanding as die eerstelingsgerf van geregtigheid. Jesus was opgewek op hierdie presiese dag van die fees. Paulus verwys na Jesus in 1 Korintiërs 15:20 as die eersteling van die wat ontslaap het.
4. Pinksterfees – (Levitikus 23:16) Vind plaas 50 dae na die begin van die Fees van ongesuurde Brode en verwys na die groot oes van siele en die gawe van die Heilige Gees vir beide Jode en nie-Jode. Gelowiges en ongelowiges wie in die koninkryk van God gedurende die stigting van die Kerk kom (Handelinge 2). Die Kerk was egter op die dag gestig en God het Sy Heilige Gees uitgestort en 3000 Jode het gereageer op Petrus se toespraak en sy eerste afkondiging van die Evangelie.

JESUS SAL DIE LAASTE 3 FEESTE VOLBRING MET SY WEDERKOMS;

5. **Fees van die Basuin** (Levitikus 23:24) – Die eerste van die herfsfeeste. Baie mense glo die dag verwys na die wegraping van die Kerk wanneer die Messias Jesus sal verskyn in die hemele wanneer Hy kom vir Sy bruid, die kerk. Die wegraping word altyd geassosieer met die blaas van die basuin. (1Tessalonisense 4:13-18 en 1 Korintiërs 15:52).
6. **Versoeningsdag** (Levitikus 23:27) - Baie mense glo hierdie fees verwys na die tweede koms van Jesus wanneer Hy weer na die aarde toe terug kom. Dit sal die versoeningsdag wees vir die oorblewendes wanneer hulle sal opsien na Hom wie hulle deurboor het, hulle sal hulle bekeer van hulle sondes en Hom as hulle Messias ontvang. (Sagaria 12:10 en Romeine 11:1-6, 25-36).
7. **Huttefees** (Levitikus 23:34) – Baie geleerders glo dit is die fees wat verwys na die Dag wanneer die Heer terugkom aarde toe en kom regeer hier op aarde. (Miga 4:1-7).

Ek het alreeds gesê, niemand weet of die vernuwning van die konstruksie van Israel 'n oorlog gaan veroorsaak nie, maar dit sal die volbringing van die profesies van die laaste dae wees. Wanneer die PLO Israel aanval oor die nuwe grense wat hulle instel, en wat hulle beweër hulle land is kan ons die oorlog van Psalm 83 sien uitbreek, en wie weet kan ons gedurende hierdie tyd weg geraap word? Net Jesus weet maar een ding is verseker Ek sal gereed wees wanneer die Heer ons huis toe roep, wat van jou? Nou laat ek terug gaan na die vrede en veiligheid profesie.

<http://www.ipost.com/LandedPages/PrintArticle.aspx?id=181453>